# SEUNS VAN BELIAL

Die woord "belial" kom dikwels voor in die Ou Testament. Dit is die eerste keer gebruik in Deut. 13:13. In die Nuwe Testament kry mens dit slegs in 2 Kor. 6:15 waar dit gebruik word as 'n naam vir die Owerste van Duisternis, maar dit het eintlik die betekenis van "nikswerd, torahloos", hoewel vertaling dit nie maklik maak om die spoor te volg nie.

> Deut. 13:13 Deugniete *(Hebreeus: H1121 "**seuns**" + H1100 "van **Belial**")* het by jou opgetree en die inwoners van hulle stad **verlei** deur te sê: **Laat ons gaan en ander gode dien**—wat julle nie geken het nie—

Ander woorde wat verband hou met "Belial" is: Baalial, Balial, Belhor, Beliall, Belior, Berial, Biliel.

'n Paar van die ander verse waar die woord voorkom is: Rigters 19:22, 1 Sam. 2:12, 10:27, 25:17, 2 Sam. 16:7, 2 Sam. 20:1, 2 Sam. 23:6, 1 Kon. 21:10, 13, 2 Kron. 13:7.

Die kenmerke en optrede van "seuns van Belial" kom duidelik na vore in 1 Sam. 2, hoewel dit ook as "deugniete" vertaal is in die Afrikaans, maar die KJV se weergawe is ...

> 1 Sam. 2:12 Now the sons of Eli *were* **sons of Belial**; they knew *(H3045 "yada")* not YaHUaH.

Eli se seuns, Hofni en Pinehas, word hier "seuns van Belial" genoem. Hulle het nie aan JaHUaH behoort nie. Hulle het Hom nie "geken" nie en het in rebellie nie Sy torah gehou nie terwyl hulle as priesters in die Huis van JaHUaH gedien het. Hulle het dus teen JaHUaH self gesondig *(1 Sam. 2:25)*, waarop JaHUaH toe Samuel vir Homself afgesonder het.

## SAMUEL VERSUS ELI SE SEUNS

Eli se seuns was die teenpool van Samuel wat deur Hanna aan JaHUaH afgestaan is *(1 Sam. 1:28)* want sy het dit belowe *(1 Sam. 1:11, Rigters 13:5, Num. 6:5).* As 'n nasareër was hy "JaHUaH se seun". Sy het hom van JaHUaH afgebid en Hy het haar verhoor. Samuel beteken "El het gehoor" *(1 Sam. 3:10).*

Maar anders as Samuel, word Eli se seuns "seuns van Belial" genoem, want hulle het JaHUaH nie intiem geken nie *(nie ge"yada" nie)*, soos wat Samuel leer doen het toe hy JaHUaH na hom hoor roep het en hy geantwoord het en gesê het: "Spreek want u kneg hoor".

**In die plek van** Eli se seuns wat veronderstel was om as priesters vir JaHUaH afgesonder te lewe maar hulleself openbaar het "seuns van Belial", het JaHUaH vir Samuel wat nie uit die priesterlike huis was nie, **as Syne aangestel**. Hy het 'n linne-skouerkleed gedra.

Dit was dus die seuns/saad van Belial versus die seun/saad van JaHUaH binne-in die Huis van JaHUaH.

## DIE SEUNS VAN BELIAL IN DIE HUIS VAN JAHUAH

Eli het nie beheer oor sy kinders gehad nie. Hulle het nie Eli of JaHUaH se gesag gerespekteer nie en het die huis van JaHUaH verontreinig deur te maak soos hulle wil. Maar Samuel het JaHUaH gedien.

1 Sam. 2:13 Die handelwyse van die priesters teenoor die volk was só: As iemand ‘n offer slag, dan kom die dienaar van die priester, net soos die vleis kook, met die drietand-vurk in sy hand,
1 Sam. 2:14 en steek in die kastrol of in die pot of in die pan of in die skottel: alles wat die vurk optrek, neem die priester vir homself. So het hulle met al die Israeliete gedoen wat daar, in Silo, gekom het.
1 Sam. 2:15 Selfs voordat hulle die vet aan die brand steek, kom die dienaar van die priester en sê aan die man wat offer: Gee vleis om vir die priester te braai, want hy sal nie gekookte nie, maar net rou vleis van jou neem.
1 Sam. 2:16 As die man vir hom sê: Laat hulle net eers die vet aan die brand steek, neem dan vir jou soos jou siel begeer—dan sê hy: Nee, maar jy moet dit nou gee; en so nie, dan neem ek dit met geweld.
1 Sam. 2:17 En **die sonde van die jongmanne was baie groot voor die aangesig van JaHUaH**, want **die mense het die offer aan JaHUaH verag**.
1 Sam. 2:18 **Maar** Samuel het <u>as seun</u> **gedien voor die aangesig van JaHUaH**, omgord met ‘n **linne-skouerkleed**.

1 Sam. 2:22 Maar Eli was baie oud, en as hy hoor alles wat sy seuns aan die hele Israel doen, en dat hulle **gemeenskap hou met die vroue wat dien by die ingang van die tent van samekoms**,
1 Sam. 2:23 dan sê hy vir hulle: Waarom doen julle sulke dinge, dat ek van hierdie hele volk julle slegte dinge moet hoor?
1 Sam. 2:24 Dit moenie wees nie, my seuns, want dit is geen goeie gerug wat ek hoor nie; julle maak dat die volk van JaHUaH oortree.
1 Sam. 2:25 As mens teen mens sondig, dan beslis die owerheid oor hom, maar as ‘n mens teen JaHUaH sondig, wie sal dan vir hom as skeidsregter optree? **Maar hulle het nie na hul vader geluister nie**, want JaHUaH wou hulle ombring.
1 Sam. 2:26 **Maar** die seun Samuel het toegeneem in grootte en **in guns by JaHUaH** sowel as by die mense.

Die seuns van Belial was saam met Samuel as JaHUaH se seun in die Huis van JaHUaH. Soos in die fisiese, so in die geestelike. Wat gewees het, het weer gemanifesteer in Paulus se tyd want hy het die Korinthiërs daaroor aangespreek en dit sal ook in ons tyd van die geestelike tempel ‘n wesentlike gevaar wees.

Seuns en dogters van JaHUaH kan nie met Belial se saad/seuns in dieselfde juk trek nie, 2 Kor. 6:14 - 18. Teen die tyd wat Paulus hier oor Belial geskryf het, is Belial *(Strong’s H1100)* gesien as “die Owerste van die magte van Duisternis”, maar die woord as sulks beteken: “iets wat waardeloos is, ‘n nikswerd”.

> From H1097 *(b’li)* and H3276 *(ya’al)*; *without profit*, *worthlessness*; by extension *destruction*, *wickedness* ...

Die woord “Belial” is dus ‘n samevatting van twee woorde, naamlik **B’li** *(H1097 “sonder”)* + **ya’al** *(H3276 “waarde”)* ... “sonder waarde”. ‘n “Seun van Belial” is dus iemand wat ‘n “Nikswerd” is.

Maar die tweede woord se vokaal kan ook gelees word as: “yol” wat “juk” is (H5923). Dus ... “**b’li** + **yol**”, wat dan sal beteken: “**sonder juk**”.

Om die Torah (die Skrif) te leer is in JaHUsha se tyd gesien as ‘n juk wat opgeneem word, dit span die persoon in om opgelei te word.

**SONDER JUK/TORAH**

Om sonder juk te wees beteken dis iemand wat nie geleer het om die juk van die Wet/Torah van JaHUaH te dra nie, m.a.w. iemand wat nooit geleer het hoe om JaHUaH Elohiem te dien nie, want "**juk**" is die metafoor vir "**om te dien**".

Uit die woord "El", wat 'n afkorting is vir "Elohiem", leer ons om meer te verstaan. "El" bestaan uit 2 letters, naamlik die Alef (  ) en die Lamed (  ). Die Alef se prentjieskrif is 'n **os** en die Lamed se prentjieskrif is 'n **herderstaf**.

Die os is 'n dier wat **diens** gelewer het, dis ingespan om saam met 'n ander os te werk. Die jong os wat nog moet leer word saam met die ouer os ingespan in 'n juk wat herinner aan die lang herderstaf, die Lamed. Die ouer os is die instrukteur of **onderwyser** van die jong os wat hy leer en oplei om 'n goeie werktuig vir sy eienaar te kan wees.

Onderwyser is "moreh" en kom vanaf die woord "yarah" (H3384) wat beteken "om met die vinger te **wys**, om te **onderrig**, om water te **gooi**, reën, om met 'n pyl te **skiet**". Dit is ook die woord waarvandaan die woord "Torah" kom *(wat eintlik "instruksie" beteken, al word dit as "wet" vertaal)*.

Elohiem/El is dus ons **Instrukteur** wat ons met Sy herderstaf (Lamed) **Sy Instruksies** leer **om die regte rigting te volg**. Hy "wys met die vinger" na die Woord wat ons handboek vir lewe is. So is Sy profete ook, hulle wys mense terug na die skietlood van die Woord toe (2 Tim. 3:16, sien: DIE HELE SKRIF).

> 2 Tim. 3:16 Die **hele Skrif** is deur Elohiem ingegee en is nuttig tot **lering**, tot **weerlegging**, tot **teregwysing**, tot onderwysing in die geregtigheid ...

Lamed kom vanaf "lamad" (H3925) wat beteken "om dissipline te leer, om geoefen te word" soos wat die herder met sy staf die skape sal aanraak om hulle na die regte rigting te laat aanbeweeg. Die woord vir student of dissipel (Talmied), kom van hierdie woord af. Dis iemand wat opgelei (gedissiplineer) word om die regte lewenswyse te kan beoefen.

Die woord "talmied" dui daarop dat daar 'n rabbie (as leermeester) ook moet wees, want "talmied" is die student. In die tyd van JaHUsha sou 'n student/dissipel sy hele lewe opgee om by sy leermeester te wees. Dit was 'n groot eer om deur 'n rabbie genooi te word om "sy juk op te neem". Die student sou die rabbie in alles wat hy doen **navolg**. Dit was nie genoeg om net te leer wat sy meester weet nie, maar dit was die doel van die student **om te word** soos wat sy leermeester is, m.a.w. soos 'n kopie van die rabbie.

Die rabbie en die student word dus soos twee osse ingespan en die "ou os" leer dan die "jong os". Dis wat die twee letters Alef en Lamed uitbeeld in die woord "El" ... die Leermeester wat sy dissipel oplei.

Om so ingespan te wees in een juk, maak dat die ingespandes mekaar baie goed leer ken, **intiem leer ken** ... en dis wat die woord "yada" (H3045) beteken. Adam het Eva beken (ge"yada") en sy het swanger geword. Om JaHUaH te "yada" is dus om 'n intieme en persoonlike verhouding met Hom te hê.

Eli se seuns was "seuns van Belial" omdat hulle JaHUaH nie **geken** het nie. Hulle was nie saam met Hom "ingespan" nie.

> 1 Sam. 2:12 Now the sons of Eli were sons of Belial; they **knew** *(H3045 "yada")* **not YaHUaH**.

Dis hoekom ons ons kinders van kleins af moet leer en opvoed in die weë van JaHUaH, sodat hulle nie "sonder juk" sal wees nie. Mens wonder of Eli dit nougeset gedoen het of nie.

> Deut. 6:6 En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;
> Deut. 6:7 en jy moet dit **jou kinders inskerp** en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.
>
> Klaag. 3:27 Dit is goed vir 'n man dat hy **die juk in sy jeug dra**.
>
> Spr. 22:6 **Oefen die seun** volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.

Maar Eli se seuns was "seuns van Belial" ... sonder juk, sonder JaHUaH se juk. Hulle het saam met die vrouens geslaap wat diens gedoen het in die Huis van JaHUaH, 2 Sam. 2:22 *(vergelyk Ex. 38:8, Luk. 2:37)* en het so misbruik van die vroue gemaak vir hulle eie gewin, terwyl hulle moes dien as priesters.

Ons leef in die tyd waarin die Tempel geestelik is en nou nooi JaHUsha ons ook om Sy juk op te neem en so dan nie "sonder juk" te wees nie.

**JAHUSHA SE JUK**

Toe JaHUsha die dissipels geroep het met 'n "Volg My" *(Matt. 4:19 – 20),* het hy hulle eintlik genooi om Sy juk op te neem, om hulle Rabbie te kan wees.

In die tyd van JaHUsha het baie rabbies 'n swaar juk op hulle dissipels/studente geplaas, maar JaHUsha het gesê dat Sy juk nie swaar is nie. Hy is ook ons Rabbie en ons moet niemand anders dan "rabbie" noem nie (d.w.s. nie van iemand anders leer nie) ...

> Matt. 11:27 Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand **ken** die Seun nie, behalwe die Vader; ook **ken** niemand die Vader nie, behalwe die Seun **en** elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.
> Matt. 11:28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.
> Matt. 11:29 **Neem my juk op julle en leer van My**, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;
> Matt. 11:30 want **my juk is sag en my las is lig**.
>
> Matt. 23:8 Maar julle, **laat jul nie Rabbi noem nie**, want **een is julle leermeester**: **Messias**, en julle is almal broeders.

Moses is dus ook nie ons rabbie nie. Ons kan nie saam met Moses in die juk wees nie want JaHUsha as die Seun het **Sy Vader se huis** voortgesit en Sy juk is **Sy Instruksie/Torah**, (die Torah van Messias) as **JaHUaH se Torah** in die herstelde Melgisèdekorde, net soos wat Moses se Torah ook **JaHUaH se Torah** was tydens die tydelike Levitiese orde. Hoekom dit tydelik was word verduidelik in: MELGISEDEKORDE SAAMGEVAT.

Anders gestel ... **JaHUaH se Torah** se toepassing was **fisies** in die O.T., maar in die N.T. is dit **geestelik**.

> Rom. 7:14 Want ons weet dat **die wet** *(torah)* **geestelik is**, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.

Die fisiese was dus al die tyd die skadubeeld van die geestelike werklikheid. Aan die einde van die dag sal alles wat fisies is vergaan en net dit wat geestelik is sal bly staan *(1 Kor. 15:46, 2 Kor. 4:16 – 18, Gal. 3:2 - 3).*

Vir praktiese riglyne oor die geestelike toepassing van JaHUaH se Torah, sien die reeksie: DIE TOEPASSING VAN DIE TORAH IN DIE ORDE VAN MELGISEDEK en ook die Torah van Messias deel 2 waarin die oorgang vanaf die een Torah na die ander verduidelik word.

**JAHUAH SE TORAH**

JaHUaH se Torah sedert die Nuwe Verbond is die "juk van JaHUsha". Die fisiese toepassing van "Moses se Torah" was 'n onderwysing, 'n tugmeester (Gal. 3:24) om die geestelike toepassing sinvol te kan uitleef, want JaHUsha het gesê dat JaHUaH Gees is en dat Hy in gees en waarheid aanbid moet word *(Joh. 4:24).* Sien: PHYSICAL AND SPIRITUAL TORAH.


In die Ou Testament het JaHUaH Moses aangestel as 'n **dienaar** in Sy huis/tabernakel, maar in die Nuwe Testament het Hy Messias JaHUsha aangestel **as Seun** oor Sy *(JaHUaH se)* huis.

> Heb. 3:1 Daarom, afgesonderde broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Messias JaHUsha,
> Heb. 3:2 wat getrou was aan Hom wat Hom aangestel het, net soos Moses ook in Sy *(JaHUaH se)* hele huis.
> Heb. 3:3 Want Hy is **meer heerlikheid waardig geag as Moses**, namate **hy wat die huis gebou het**, **meer eer het as die huis**;
> Heb. 3:4 want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat alle dinge gebou het, is Elohiem.
> Heb. 3:5 En Moses was wel getrou in Sy *(JaHUaH se)* hele huis **as 'n dienaar**, om **te getuig** van wat nog gespreek **sou word**,
> Heb. 3:6 maar Messias **as Seun** oor Sy *(JaHUaH se)* huis. En **ons is Sy huis** *(1 Kor. 3:9 – 16, Ef. 2:19 – 22, 1 Pet. 2:5 – 8)* as ons net die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou.

Eers was dit die **dienaar** Moses, toe die **Seun** JaHUsha, albei **in die huis van JaHUaH**. Eers was JaHUaH se Torah toegepas volgens "Moses se Torah", maar nou word JaHUaH se Torah toegepas as "Messias JaHUsha se Torah".

Die Torah van JaHUaH kan uitgebeeld word as 'n gebou wat eers vanaf die fondasie opgerig moes word voordat die mure en die dak opgesit kon word.

Die geestelike "Torah van Messias" is gebou op die fondasie van die fisiese "Torah van Moses" en die hele gebou word gedek met die opsomming van die Tien Woorde/Gebooie (wat Liefde behels, liefde tot Elohiem en liefde tot ons naaste, 1 Kor. 13).




Om as priesters in die Melgisèdekorde diens te doen in die geestelike Huis van JaHUaH (1 Pet. 2:9) moet ons dus **saam met die Seun** JaHUsha in Sy juk trek, en Sy geestelike Torah aanleer en toepas en, nie meer saam met **die dienaar Moses** nie. Ons moet die Torah van Messias JaHUsha navolg soos Hy dit vir ons in die Hernude/Nuwe Testament geleer het ... **anders is ons Torahloos**/Wetteloos!

> 1 Kor. 9:21 ...al is ek nie sonder die wet *(Torah)* van Elohiem nie, maar onder **die wet *(Torah)* van Messias**—om die wat sonder die wet *(Torah)* is, te win;

As ons dan eerder die ligte Juk van Messias JaHUsha wil opneem as "**seuns** van JaHUaH", sal ons **nie sonder Instruksie** of **Torahloos** wees in Sy huis soos wat Eli se seuns in die tempel was nie.

Kom ons ontleed eers die woord "seuns" en daarna sal ons kyk na die "Torahlose".

**SEUNS**

Om in diens van JaHUaH te kan wees is nie om 'n slaaf te wees nie *(Joh. 15:15*), nee, hy het gesê ons is "seuns" in Sy huis.

JaHUsha **as Seun** van die Vader het **meegewerk** in die verlossingsplan van JaHUaH. 'n Seun in die Hebreeuse konteks het die karakter en eienskappe van sy vader gedra. Die seun is 'n voortsetting van die vader, d.w.s. 'n voortsetting van die huis van die vader.

Seun is "ben" in Hebreeus en dit het sy oorsprong uit die woord "bana" wat beteken "om te bou". Deur 'n seun word die vader se huis dan verder **uitgebou** om te kan bly voortbestaan. Met ander woorde, jou seun is iemand wat **uit jou gebou is**.

Die woord "ben" bestaan uit die twee letters: **Bet** (Huis) + **Nun** (saad).


**Bet** volgens die Ancient Hebrew Lexicon ...

***Pictograph**: Floorplan of a Tent*
***Meanings**: Family, House, In*

***Sound**:* *B, Bh (v)*

***History & Reconstruction***

*The pictograph*  *is chosen as it best represents the nomadic tents of the Hebrews. The tent was divided into two sections, men's and women's, with the entrance at the front of the tent in the men's section and an entrance from the men's to the women's section.*

*The Hebrew word*  *(beyt), the name of this letter, means house or tent **as well as family**. A common designation for a family is to identify the "house" of the family patriarch such as in "The house of Jacob."*

**Nun** volgens die Ancient Hebrew Lexicon ...

***Ancient Name:*** *Nun*
***Pictograph:*** *Sprouting Seed*
***Meanings:*** *Continue, Heir, Son*
***Sound:*** *N*

***History & Reconstruction***

*The ancient pictograph*  *is a picture of a seed sprout representing the idea of continuing to a new generation. This pictograph has the meanings of "continue," "perpetuation," "offspring" and "heir."*

Om dus "seuns van Belial" te wees is 'n voortsetting van die huis van 'n "ander vader". JaHUsha het vir die Fariseërs gesê dat hulle die "duiwel as vader" het *(Joh. 8:44).*

Met die duiwel as vader het seuns van Belial slegte eienskappe.

> Spr. 6:12 'n Deugniet *(Hebreeus: 'n Belial mens)* 'n kwaaddoener is hy wat met 'n valse mond rondloop,
> Spr. 6:13 wat met sy oë knip, met sy voete beduie, met sy vingers tekens gee;
> Spr. 6:14 in wie se hart valse streke is, wat altyd onheil bewerk en tweedrag saai.
> Spr. 6:15 Daarom sal sy ondergang skielik kom, onvoorsiens sal hy verbreek word sonder dat daar genesing voor is.
>
> Spr. 16:27 'n Deugniet *(Hebreeus: 'n Belial man) grawe* 'n kuil van onheil, en op sy lippe is soos 'n brandende vuur.

Paulus het gewaarsku dat ons nie in dieselfde juk moet trek as diegene wat seuns van Belial is nie.

> 2 Kor. 6:14 Moenie in **dieselfde juk** trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?

2 Kor. 6:15 En watter **ooreenstemming** het **Messias met Bélial**, of watter **aandeel** het **die gelowige met die ongelowige**?
2 Kor. 6:16 Of watter **ooreenkoms** het **die tempel van Elohiem** met **die afgode**? Want julle is die tempel van die lewende Elohiem, soos Elohiem gespreek het: Ek sal **in hulle woon** en onder hulle wandel, en Ek sal hulle Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.
2 Kor. 6:17 Daarom, gaan onder hulle uit en **sonder julle af**, spreek JaHUaH; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;
2 Kor. 6:18 en Ek sal vir julle 'n **Vader** wees, en julle sal vir My **seuns en dogters** wees, spreek JaHUaH, die Almagtige.

Paulus self was uitgestuur deur JaHUsha *(Hand. 9:15, Hand. 26:15 – 19)* om as Sy gesalfde ons te leer en hy gaan daarmee voort in 2 Thess. 3.

2 Thess. 3:6 Ons beveel julle, broeders, in die Naam van ons Meester JaHUsha Messias, dat julle jul **onttrek** aan elke broeder wat **onordelik wandel** en nie **volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie**.
2 Thess. 3:7 Want julle weet self hoe julle ons moet **navolg,** want ons het ons nie onordelik onder julle gedra nie;

As hulle Paulus-hulle sou navolg wat JaHUsha en Sy instruksies verkondig en uitgeleef het, sou hulle nie sonder juk wees nie. Hulle sal nie Torahloos wees nie.

**DIE TORAHLOSE/WETTELOSE**

Eli se juklose (Torahlose) seuns was **in die Huis van JaHUaH**. Ons lees van die Torahlose wat meer bekend is as die "Wettelose" (die mens van sonde) in 2 Thess. 2 wat **in die tempel van Elohiem** sal wees.

2 Thess. 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die **mens van sonde** geopenbaar word, die seun van die verderf
2 Thess. 2:4 die **teëstander** wat **hom verhef** bo al wat Elohiem genoem word of voorwerp van aanbidding is, **sodat hy in die tempel van Elohiem** as Elohiem sal sit en **voorgee dat hy Elohiem** is.

Die "mens van sonde" moet geopenbaar word voor JaHUsha se wederkoms en ons vereniging met Hom *(2 Thess. 2:1)*. Sonde is torahloosheid.

1 Joh. 3:4 Elkeen wat die sonde doen, doen ook **die wetteloosheid**, want die sonde is **wetteloosheid**.

Sonde is dus Torahloosheid, maar is vertaal as "wetteloosheid", wat "nomos" is in Grieks.

Die KJV druk diè vers so uit ...

1 John 3:4 Whosoever committeth sin **transgresseth** also **the law**: for sin is **the transgression** of **the law** *(G458 "anomia").*

Wat as "ongeregtigheid" en "ongeregtige" vertaal is in 2 Thess. 2:7 – 8, is onderskeidelik Strong's G458 *(anomia)* en G459 *(anomos)* in die Grieks, wat te doen het met die **oortreding van die Instruksie**/Torah/Wet (G3551 "**nomos**").

> 2 Thess. 2:7 Want die verborgenheid van die **ongeregtigheid** *(G458 "anomia" = wetsoortreding)* is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;
> 2 Thess. 2:8 en dan sal die **ongeregtige** *(G459 "anomos" = wettelose)* geopenbaar word, hy wat die Meester met die asem van Sy mond sal verdelg en deur die verskyning van Sy wederkoms tot niet sal maak,

Die Torahlose *(Belial)* opponeer dus JaHUaH se outoriteit deur nie JaHUaH se Instruksies te hou nie omdat hyself die outoriteit wil wees en wil voorgee dat hy Elohiem is.

> Jes. 14:12 Hoe het **jy uit die hemel geval**, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!
> Jes. 14:13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, **my troon verhef** bo die sterre van Elohiem en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.
> Jes. 14:14 Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my **gelykstel met die Allerhoogste**!

Belial verteenwoordig die een wat uit die hemel geval het?

> Luk. 10:18 Toe sê Hy vir hulle: Ek het **die Satan** soos **'n bliksem uit die hemel sien val**.

Satan/Belial is dus diè Torahlose teenstander van JaHUaH wat diegene wat uit hom gebou is (d.w.s. "seuns van Belial") as sy agente het met die oog daarop om sy eie huis, sy eie koninkryk van Duisternis, te bevorder te midde van die Koninkryk van Lig.

So was daar al **tipes** van die **anti-messias**, net soos wat Moses, Josua en Josef tipes van JaHUsha as Middelaar/Messias was. Uit hierdie tipes kan ons sien dat die anti-messias binne-in "die huis" opereer en hulle voordoen as 'n lid van die "huisgesin". Die Koninkryk van Elohiem is Sy huis.

**TIPES VAN DIE TORAHLOSE**

Die vyand kom saai sy "saad" altyd tussen die saad van JaHUaH in die Koninkryk van die Hemel. Sy saad is onkruid *(G2215 "darnel" = false grain)* en dit is 'n plant wat **baie na koring gelyk het**, en nie mooi onderskei kon word van die koring totdat dit ryp geword het nie.

> Matt. 13:24 'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat **goeie saad** in sy land gesaai het;
> Matt. 13:25 maar terwyl die mense slaap, het **sy vyand gekom** en **onkruid onder die koring gesaai** en weggegaan.
> Matt. 13:26 En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook.
> Matt. 13:27 En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan?
> Matt. 13:28 En hy antwoord hulle: **'n Vyandige mens** *("his enemy" KJV)* het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak?
> Matt. 13:29 Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.

> Matt. 13:30  Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.

> Matt. 13:38  en die saailand is die wêreld. Die **goeie saad**—dit is die **kinders van die koninkryk**, en **die onkruid** is **die kinders van die Bose**,

Agitofel, Judas Iskariot en BarAbbas was almal tipes van die Torahlose, d.w.s. hulle was tipes van "die saad van Belial" wat altyd JaHUaH se saad (Sy gesalfdes) opponeer en dan in die Huis van JaHUaH opereer en **maak** asof hulle van JaHUaH se saad/gesalfdes is.  Dis die wolf in skaapsklere.  Dis nie altyd so maklik om hulle uit te ken nie, totdat hulle begin ryp word en "vrug dra".  Aan hulle "vrugte" sal hulle geken word *(Matt. 12:33 – 37).*

Agitofel was Dawid se raadgewer, maar hy het hom by Dawid se seun, Absolom, verraai.  Dawid is dus vanuit sy binnekring (vanuit sy huis uit) verraai toe sy eie seun hom begin opponeer het.  Dit is 'n taktiek wat die vyand graag gebruik teen diè wat JaHUaH in Sy koninkryk gebruik.

> 2 Sam. 15:12  Absalom het ook, terwyl hy die slagoffers bring, Agitófel, die Giloniet, 'n **raadgewer van Dawid**, uit sy stad, uit Gilo, laat roep. So het dan **die sameswering** sterk geword en die mense aldeur meer by Absalom aangesluit.

**Judas Iskariot** was 'n Jood en een van die dissipels, m.a.w. hy was van JaHUsha se binnekring.  Hy was Juda, 'n man van die dorp Keriot/Kèrijot (Amos 2:2).  "Judas" is die Grieks vir "Juda".  Man is "ish", d.w.s. hy was Juda, die man *(ish)* van Keriot wat met die Fariseërs saamgesweer het **om JaHUsha te verraai** vir dertig silwerstukke.

> Matt. 26:14  Toe gaan een van die twaalf, met die naam van **Judas Iskáriot**, na die owerpriesters
> Matt. 26:15  en sê: **Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer**? En hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg.
> Matt. 26:16  En van toe af het hy 'n goeie geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.

JaHUsha het 'n skrifgedeelte aangehaal wat Dawid geskryf het toe Hy na Judas as Sy verraaier verwys het.

> Joh. 13:18  Ek spreek nie van julle almal nie—Ek weet wie Ek uitverkies het—maar dat die Skrif vervul kan word: **Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig**.

Hy het na Ps. 41:10 verwys ...

> Ps. 41:10  Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, **wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig**.

Dit klink soos 'n "omgekeerde" beeld van die profesie in Gen. 3:15 wat die Konflik van die Eeue tussen die Koninkryk van Lig en die Koninkryk van Duisternis behels, want die Teenstander aap JaHUaH altyd omgekeerd na.

> Gen 3:15  En Ek sal **vyandskap** stel tussen jou en die vrou, en tussen **jou saad** en **haar saad**. Hy sal jou die kop vermorsel, en **jy sal hom in die hakskeen byt**.

Petrus het in Hand. 1 verduidelik dat wat Judas gedoen het, 'n vervulling van hierdie profesie van Dawid was *(Ps. 41:10).*

> **Hand. 1:16 Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Afgesonderde** Gees voorspel het deur die mond van Dawid **aangaande Judas** wat **die leier was** van die wat JaHUsha gevange geneem het;

Soos wat Judas JaHUsha verraai het, so verraai Judaïsme JaHUsha nog steeds en dis die Groot Misleiding van 2 Thess. 2, maar hoeveel sien dit nie raak nie en volg dan die vals anti-messias wat aangebied word? Hoeveel kies onwetend weer vir BarAbbas?

BarAbbas is ook 'n tipe van die "seun van Belial". Sy naam beteken "Seun van Vader", maar van watter vader want hy was 'n berugte gevangene *(Matt. 27:16)* wat 'n dief en 'n moordenaar was *(Joh. 18:40, Mark. 15:7).*

Die volk kon nie die ware Saad, die regte Seun van die regte Vader onderskei nie, en het toe die onkruid (die "darnel") gekies. Hulle het die sondige BarAbbas gekies om vrygelaat te word sodat die regverdige JaHUsha gedood moes word. Dit is soos 'n keuse tussen lewe en dood *(Hand. 3:13 – 14)* en hulle het die dood gekies, die moordenaar.

Word dit weer gedoen in ons dae deur 'n beweging soos die Hebreeuse Wortels wat lyk asof hulle JaHUsha as Rabbie volg, maar eintlik soos Judas Hom weereens verraai en mense terugneem na Moses toe, asof Moses die volk in die Beloofde Land ingelei het.

Moses kon nie die Land ingaan nie! As ons Moses wil volg, let op wat hy gesê het in Deut. 18:15 – 19 wiè nà hom sou kom en dan gevolg moet word en vergelyk ook Hand. 3:22, 7:37.

Soos wat die onkruid in Matt. 13 verbrand sal word, so sal die Torahlose/Wettelose die seun van die verderf van 2 Thess. 2:3 tot niet gemaak word, maar JaHUsha waak oor diè wat Syne is, die wat uit Hom as Saad is *(Gal. 3:16).*

> Joh. 17:12 Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor **die wat U My gegee het**, het Ek **gewaak**; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe **die seun van die verderf** *(G684 "apolia" = vernietiging)*, sodat die Skrif vervul sou word.

Die "seun van die verderf" is die Owerste van Duisternis.

> Open. 9:11 En hulle het **as koning** oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van **Apóllion**.

Daar is ook diè wat sê dat Abbadon gelees kan word as "Abba Dan" ... "vader van Dan" en Dan kom nie voor in Open. 7 se verseëldes nie.

> Gen. 49:17 Laat **Dan 'n slang wees op die weg**, 'n horingslang op die pad, wat die perd aan die **hakskene byt**, sodat sy ruiter agteroorval.

Belial wil dus ten alle koste verhoed dat mense deel word van Skriftuurlike Israel se verseëldes en stel dan lokvalle om "seuns" vir hom te kry en dis die Groot Misleiding wat 2 Thess. 2 teen waarsku. Dis die Finale

Toets net soos wat Bileam en Balak met fisiese Israel gedoen het voordat hulle die Beloofde Land sou betree het.

**BELIAL SE LOKVALLE**

Belial wil mens verhinder om JaHUaH persoonlik en intiem te ken (te "yada"). Sonder 'n persoonlike verhouding met JaHUaH is mens soos wat Eli se seuns in die Tabernakel was ... "sonder juk".

As mens **nie** die "Torah van Messias JaHUsha" navolg nie, **ken** mens JaHUsha nie en **is** mens inderdaad **Torahloos** want JaHUsha het gesê dat ons **Sy juk**/Instruksies moet opneem *(Matt. 11:29 – 30),* nie Moses s'n nie.

> Matt. 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy **wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is**.
> Matt. 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?
> Matt. 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle **nooit geken nie** *(ge"yada" nie).* Gaan weg van My, julle wat die **ongeregtigheid** *(G458 "wetteloosheid")* werk!

Vals profete bring Torahloosheid mee en laat die liefde tot JaHUsha en ons medemens verkoel.

> Matt. 24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.
> Matt. 24:12 En omdat die ongeregtigheid *(G 458 "anomia"= Torahloosheid)* vermeerder word, **sal die liefde van die meeste verkoel**.

Maar as ons ook "seuns van JaHUaH" word deur die geloof in JaHUsha as diè Saad van JaHUaH (Gal. 3:16), is ons deel van die Huis van JaHUaH en is ons **priesters in Sy huis** *(1 Pet. 2:9, Mal. 2:7).*

Hofni en Pinehas het hulle posisie as priesters vir eie gewin gebruik terwyl hulle ook immoreel was. Hulle was as priesters "niks werd" vir die Huis/Koninkryk van JaHUaH nie ... hulle het dit wel verontreinig. 'n Priester moes homself nie verontreinig nie *(Lev. 10:8 – 11, 21:1 – 9, 21:10 – 22:9).*

Belial sal altyd probeer om JaHUaH se priesters te verontreinig deur hulle te versoek om hulle te laat verbind aan iemand of iets wat Belial se namaaksel is, want hy wil die geestelike tempel *(wat ons is, Ef. 2:19 – 22, 1 Kor. 3:16 – 17)* verontreinig *(Deut. 13:12 – 15)*. Hy moedig dus fisiese/geestelike hoerery aan, asook hebsug *(2 Kor. 2:17).*

Daar was die ou tannie wat die jong prediker gewaarsku het teen die drie "r'e", die **R**okke, **R**ande en **R**oem. Wees verseker, daar waar JaHUaH ons wil ontmoet by die "deur van die tabernakel" *(1 Sam. 2:22),* daar gaan die Vyand probeer om van ons "seuns van Belial" te maak deur vir ons valstrikke te stel wat ons sal inspan in sy juk soos wat hy met Eli se seuns gedoen het.

Maar ten spyte van Matt. 24:11 – 12 is volharding tot die einde ons visie en missie.

> Matt. 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.
> Matt. 24:14 En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.

**SLOT**

As Teenstander opponeer Belial JaHUaH se koninkryk/huis van binne-af. Opponering kom na vore wanneer daar rebellie manifesteer in ‘n gesin of in ‘n selgroep of in ‘n werksopset ens., maar ons stryd is nie teen vlees en bloed nie (Ef. 6:12) al sien ons die hele tyd die “gesig van ‘n spesifieke persoon” wat deur Belial in die hande gekry is as ‘n instrument vir hom.

Rebellie/wederstrewigheid is waarsêery en **eiesinnigheid is afgodery** *(1 Sam. 15:23)* want Belial/Satan wil JaHUaH se posisie as Elohiem hê (Jes. 14:12 -14). Dis die konflik van die eeue tussen Lig en Duisternis.

Gaan ons ons laat inspan in die Juk/Torah van Messias JaHUsha of gaan ons Torahloos wees deur in die slagyster te trap deur die uitgediende Levitiese Torah van Moses as Wetboek te probeer volg?

Soos wat die Fariseërs se Babiloniese Judaïsme met JaHUsha se eerste koms Hom geopponeer het, so opponeer dieselfde sisteem Hom weer op die drumpel van Sy wederkoms en wel deurdat gelowiges mislei word om “seuns van Belial” te word ten koste van die Nuwe/Hernude Verbond .

As afgesonderde seuns en dogters van JaHUaH die Almagtige *(2 Kor. 6:18)* wat JaHUsha navolg kan ons nie saam in daardie juk trek nie, want daar is **nie ooreenstemming** tussen **Messias en Belial** nie *(2 Kor. 6:15).* Ons is nie “seuns van Belial” wat ander gode (die valse messias) gaan dien nie *(Deut. 13:13),* maar seuns van JaHUaH wat vanaf JaHUsha leer. Hy het gesê ...

> Joh. 17:8 Want **die woorde wat U My gegee het**, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.
>
> Joh. 17:14 **Ek het hulle u woord gegee**, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

0-0-0-0-0

AndriYaH
Julie 2020